

# St. Simson van Bretagne

## 28 Julie

(c. 490-565)

Hy is uit ‘n adellike familie in die suide van Wallis gebore. Soos gebruiklik vir die edelmanne van sy tyd is hy op ‘n jong ouderdom aan die monnike van die klooster van Llanwin Maiores in Glamorgan toevertrou om deur hulle opgevoed te word. Hy besluit egter om ook priester te word en in 512 word hy deur die biskop van Carleon gewy. Hy was ‘n diep gebedsmens  en hy gaan na Ierland om by die beroemde heiliges van die Ierse Kerk te leer. Hy woon ook etlike jare as kluisenaar in Cornwallis voordat hy in ‘n visioen die opdrag kry om na Bretagne, die Kelties-sprekende kusprovinsie van Frankryk te gaan. Daar stig hy ‘n klooster by Dol wat ontwikkel tot die middelpunt van die Christelike geloof en kultuur regdeur Bretagne. Hy word vandag nog as een van die grootste Walliese heiliges vereer.

© Die Oratorium Uitgewery